# Ek Moet Minder Word

Nederigheid is volgens die Bybel die enigste gepaste houding wat ŉ mens teenoor God en die samelewing kan inneem: die wêreld draai nie om jou nie. Toe Jesus ons leer bid het, het Hy gesê: jy mag God as *ons* Vader aanspreek. Wanneer jy bid, maak jy deel uit van ŉ baie groot gesin. Al is jy alleen, jy bid nie alleen nie. Jy mag baie persoonlik in jou gebed wees. Maar as dit net "ek" is wat in die gebed aan die woord is, dan is daar fout. Sê gerus: *my* Vader, maar sê ook gereeld: *ons* Vader, veral as jy eensaam is, dan sal jy voel dat daar ŉ groot kring rondom jou staan.

Nederigheid is die regte basiese houding om teenoor ander gelowiges te hê. Christelike nederigheid is glad nie kruiperigheid nie, maar spruit voort uit die besef dat jy sterk staan deur Christus. Watter seën is dit vir die kerk wanneer Christene werklik mekaar se 'voete was'! Sommige Gereformeerde Kerke het in hierdie verband nie ŉ goeie reputasie gehad nie. Ons het onsself dikwels in die voet geskiet deur ŉ beterweterige houding teenoor ander Christene in te neem. Die feit dat ekself van bepaalde standpunte afstand gedoen het wat ek vyf-en-twintig jaar gelede vurig verdedig het, laat my besef dat ek soms die pot behoorlik mis kan sit. Ek sien dit as die kerke se uitdaging vir die toekoms dat duidelike oortuigings gepaard sal gaan met nederigheid. Op die oog af ŉ onmoontlike kombinasie. Maar aan Christus se voete kan geleer word dat nederigheid deel uitmaak van die oortuiging.

Bowendien, toe Jesus my geleer het watter basiese houding ek teenoor God moet inneem, het Hy gesê: spreek Hom aan as jou Vader *wat in die hemel woon.*

> *"...want God is in die hemel en jy is op die aarde."*

(Prediker 5:1)

Ek moet minder en kleiner word. God is soveel groter as wat ek my in my grootste gedagtes kan voorstel.

En juis wanneer ek dit doen, ontdek ek hoeveel ek van God mag verwag! Hoe armer ek in myself voor God word, hoe ryker word ek in Hom! Hoe minder ek van myself dink, hoe meer sien en ontvang ek van Hom! Hoe nederiger ek word, hoe meer verhoog ek Hom!

Wat my steeds weer van Jesus opval, is sy onvoorstelbare nederigheid. Hy het ŉ slaaf geword en Homself verneder en was gehoorsaam tot in die dood, die dood aan die kruis. Nog nooit was God se grootheid beter sigbaar as toe nie.

En Hy was sonder sonde! Ek is ŉ sondige mens. As ŉ mens ronduit erken dat jy nou anders oor bepaalde dinge dink as vyf-en-twintig jaar gelede, beteken dit dat jy die beperktheid van jou insig erken. En miskien ook erken dat jy ander mense ŉ onreg aangedoen het.

Nederigheid wat op God gerig is, is ten slotte ook baie belangrik vir jouself. As jou geloof ŉ sterk selfgerigte kwaliteit begin toon, maak jy staat op jouself. Dan loop jy gevaar om die anker van jou geloof in die ruim van jou eie skip te gooi, in plaas van oorboord. Het *ek* al ŉ groot genoeg sondebesef, het *ek* al genoeg berou oor al my sondes? Het *ek* ŉ oomblik in my lewe ervaar waarop *ek* onweerlegbaar deur die Heilige Gees aangeraak is, sodat *ek* altyd op hierdie geloofservaring kan terugval? Is *ek* ŉ Christen wat redelik goed vaar in my lewe, sodat *ek* daarop kan bou?

Daar is geen ander moontlikheid as om die anker nie binnetoe nie, maar oorboord te gooi, tot in die bodem van God se liefde en trou.

Daar is ook niks mooiers nie. As jy uitsluitlik jou eie geluk najaag, bly God ver weg, en dan sal jy nie ware geluk vind nie. Maar as jy jou veral daarop toespits om God te ken, sal jy sy onvoorstelbare grootheid mag geniet en sy onvoorwaardelike liefde en genade ervaar.

G Gunnink

© 2018
www.christelikemedia.org

*Hierdie artikel is deur Lize Kampman vertaal.*

## Bybelstudie

Lees Psalm 123. Die oë van ŉ (nederige) slaaf en slavin, wat omring is deur die hoogmoed van onverskillige mense, kyk omhoog, heeltemal afhanklik van wat God gaan doen.

## Verwerking

Jy is dikwels nie daarvan bewus nie, maar die sonde van hoogmoed en selfsug is baie diep in jou gesetel. In die paradys het dinge skeefgeloop toe die mens arrogant teen God in opstand gekom het, en onmiddellik daarna sien ons dat die mens sy skuld selfsugtig op iemand anders wil afskuif. In Filippense 2:3-9 pak Paulus Christelike hoogmoed en geldingsdrang aan deur dit in die lig van Christus se selfvernedering te beskou. Dink self daaroor na hoe jy jou broer of suster in die gemeente as belangriker as jyself beskou.